- Enige medikasie, hoesgoed en pleisters, Savlon, rome. Daar is nie geld vir die hospitaal as iemand seerkry nie... en met die 60 kinders daar is dit ‘n groot probleem. Iemand het noodhulpkissie voorsien.. maar ons het nodig om dit gedurig op te vul.
- Babakos en melk. Purity No 1 (melk) Ryspap (nestle No 1.) NANNo 1.
- Sambrele vir skaduwee.
- Enige kos, blikkies, sop, pasta, groente en vrugte ens vir die sopkombuis. Dit word daar toegesluit en word beheer deur die kok Simon. Tans kry die inwoners net elke tweede dag kos.
- Teels en teelsement.... as ons die badkomers kan teel sal dit ook meer higiënies wees. Tans is dit 'n massiewe probleem.
- Energie besparings gloeilampies.
- Swartsakke vir gemors en skoonmaak van terrein.
- Enige ou tuingereedskap, grasmasjiene en kantsnywers... Die munisipaliteit maak nie die terrein skoon nie.

Hugo het 'n bakkie en is bereid om enige skenkings te gaan afhaal indien die skenker nie kan nie. Hugo benodig 'n borg. Die kinders se skoolfonds is ‘n groot probleem. Die eerste R350.00 van elke kind moet betaal word en is vir boekgelde. Die res word afgeskryf.

Die ouers het bloot net nie die R350.00 nie. Daar is enkeles wat wel werk maar dit word gebruik vir oorlewing. Daar is gekwalifiseerde vakmanne—as iemand vir hulle werk het sal dit waardeer word.

VERJAARSDAE : 1 TOT 7 JUNIE 2008

06/02	MARLI	VENTER	DF MALANLN 211A	11Aa
06/02	TRUDIE	VAN NIEKERK	TUGELASTR 114	26Aa
06/02	HENNIE	VILJOEN	VAN RIEBEECKLN 35	23Ab
06/02	CAMERON	DAVIDS	VAN RIEBEECKLN 166	12Aa
06/04	WERNER	DU PREEZ	5DE STRAAT 8	02Ab
06/04	HERMAN	BEZUIDENHOUT	HANS STRIJDOMLN 216	09Ab
06/06	BRIGITTE	MARTINS	KRUGERLN 112	16Ab
06/06	ELSIE	POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 285	03Aa
06/07	SEXTA	MAREE	BERYLLAAN 4	26Aa
06/07	FREDA	VILJOEN	VAN RIEBEECKLN 35	23Ab
06/07	CARMEN	STRYDOM	SMUTSLN 208	08Aa
06/07	JACQUES	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	22Aa

SPESIALE VERJAARSDAG

Hartlik geluk aan oom Herman Bezuidenhout, Hans Strijdomln 216 wat Woensdag, 4 Junie, sy 84ste verjaarsdag herdenk. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar.

HUWELIKHERDENKINGS 1 TOT 7 JUNIE 2008

WOENSDAG, 4 JUNIE

VINCENT EN ALTA VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	19Ab

DONDERDAG, 5 JUNIE

FRIK EN ANÉ STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	03Ab

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 1 Junie 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 1 JUNIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Nasionale Kinderdag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
18:00 - 18:45 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 - 19:30 Kategese / Kuier
19:30 - 20:00 Speel / Kuier

DINSDAG, 3 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 4 JUNIE

17:00 Biduur
19:00 KAF-Vergadering

DONDERDAG, 5 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 6 JUNIE

19:00 Optrede Gerrie Pretorius (Kyk bl 3)

SATERDAG, 7 JUNIE

10:00 Byeenkoms Klub Immergroen

SONDAG, 8 JUNIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Inhandiging van Kommissieverslae

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 19:30 Kategese / Kuier
19:30 20:00 Speel / Kuier

DINSDAG, 9 JUNIE

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 10 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf Lyttelton: Belydende lidmate:

Steyl Abrie en Sanet Bosman (nou Abrie.

Hulle woon in Fitzpatrickweg 17Ab (Wyk 10Aa)

Hartlik welkom terug by Lyttelton-Oos

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Johan en Hester Gerber, DF Malanln 133 met Hester wat ‘n rug-operasie. ondergaan het. (Wyk 17Aa).
2. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 van wie beide niere verwyder is en wag op ‘n nieroorplanting (Wyk 09Aa).
3. Kobus en Elize Badenhorst, Van Riebeeckln 285 met Kobus se broer Johan wat nog ernstig siek is (Wyk 03Ac).

C-KRUIS/13th FLOOR

C-Kruis / 13th Floor bestaande uit ongeveer 45 jongmense besoek die Gemeente 20 tot 27 Julie 2008.

Hiermee ‘n versoek dat potensiële gasteouers asook diegene wat kan help met voedselvoorbereiding, bediening en verskaffing asook donasies kan gee, beskikbaarheid bevestig en besonderhede asb op 'n naamlys beskikbaar na die erediens kan aandui.

By voorbaat dank vir u ondersteuning.

Jeugkommissie.

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Frik en Ané Strydom en familie, Hofmeyerweg 15 met die afsterwe van Frik se broer (Wyk 03Ab).

Ons dink in ons gebede aan julle en bid julle die Here se vertroosting en nabyheid toe.

KLUB IMMERGROEN
Saterdag, 7 Junie 2008 : 10:00

Kom geniet ‘n gesellige oggend saam met Klub Immergroen. Die uitnodigings is uitgedeel. Almal is hartlik welkom. Indien u nie ‘n uitnodiging ontvang het nie en graag die funksie wil bywoon, skakel asseblief vir Gerty Basson 012 664-2433

Ons gaskunstenaar: vir die oggend is Arno Heunis

PARKNAVAL : KOEKTAFEL

Die koektafel se dames wil graag vroegtydig begin met bak vir die Parknaval. U bydraes met die volgende items sal hoog op prys gestel word. By die deure is daar houers waarin u u bydraes kan plaas.

Ons benodig die volgende:

Koekmeel
Margarien (**Stork** asseblief)
Eiers
Olie
Suiker
Versiersuiker
Karamel kondensmelk

En BAIE HANDE om te help met bak van koeke, terte, piesangbrode, dadelbrode, ensovoorts. Vele hande maak ligte werk!

As u bereid is om te help bak, skakel:

Alet Venter: 012 664 3282/073 354 4947
Ria Briedenhann: 012 644 0663/084 685 0810
Tina Janssen: 012 664 0426

IMPACT HEARING SYSTEMS

Challenge the ***SNAP*** for hearing made easy
15 Days absolutely RISK FREE!!
Giving you the most natural listening experience
WANTED : 100 people with hearing loss
We’re looking for participants who have difficulty hearing in noisy environments to try a new digital hearing aid in South Africa with automatic noise-reduction, absolutely risk-free The first 100 people will receive a free hearing screening to see if they are a candidate for this program. If you qualify, you will be referred to a trained audiologist geographically closest to you for a complete hearing test at a reduced tariff. should you qualify for the challenge, you will receive a pair of Snap hearing aids to evaluate for 15 days.
If you don’t feel that the Snap has improved your hearing simply return it. It’s that simple.

Customer care line: 086 010 9152

HULP BENODIG: BLANKE PLAKKERSKAMP BY KRUGERSDORP

Kontak Lien Badenhorst by 0829240293

Tans is daar 83 gesinne en omtrent 60 kinders betrokke. Die algehele omstandighede daar is benard en die mense bly in haglike omstandighede. Ons het dringend die volgende artikels nodig. Hierdie mense is baie en meer as bereid om baie van die werk sal te doen. Hulle oorleef wonderbaarlik onder hierdie haglike omstandighede. Die ablusie blokke het slegs 2 baddens, 2 storte en 3 toilette in, vir die mans en dames afsonderlik, met slegs ‘n sementvloer. En hierdie 230 mense moet dit elke dag gebruik....

Die broodnodigste om mee te begin:- (Ja die lys is baie lank, want daar is niks, niks ... niks.)

- Tente of enige seile om tente waterdig te maak.
- Ou karavane.
- Zozo hutte.
- Enige beskutting waar kleuters gehuisves kan word om te speel en in te kleur.
- Enige speelgoed vir die kinders. (daar is omtrent 60). Ek wag vir 'n lys met name en ouderdomme vanaf Hugo—die kampbestuurder.
- Enige hout, spykers en skroewe. (daar is 3 skrynwerkers wat nie werk het nie en hulle kan hutte of beskuttings hiermee bou.)
- Sinkplate.
- Enige staal (Hugo het ‘n sweismasjien om tafels en beskuttings mee te maak.)
- Ou hout pallets om in skuilings te sit om te dien as 'n vloer... die grond bly nat en koud).
- komberse en kussings.
- enige wol en breipenne (meeste van die dames kan brei, en sal vir die kinders en oumense bedsokkies kan brei.)
- Naaldwerkmasjien en gare (baie dames kan klere maak, en sal help met die heelmaak van klere wat stukkend is.)
- sement
- Beligting. Ligte om buite op te sit vir die nag as iemand toilet toe moet gaan asook veiligheid..
- Hulle benodig 10 “fluorescent” ligte 4 vt, 5 vt en 6 vt.
- Een van die groot geyser het gebars
- Plastiese tafels en stoele.
- As iemand weet van ‘n afdak om voor die sopkombuis op te sit.
- Skoonmaakmiddels. Die badkamers is ’n groot gesondheidsrisiko.
- Enige baba badmiddels, medisyne, poeier, weggooidoeke ens. (babas is 1 maand 3mde, 4mde, 1half jaar, een dame gaan oor 'n maand baba hê, baie kleuters en laerskoolkinders.
- Kinderklere.
- Elektriese draad en trip skakelaars. (vir nuwe bedrading.)
- Gas bottels. en stofies. Hulle ondervind oneindig baie kragonderbrekings.

/vervolg op bladsy 8

WAT IS JOU STERKPUNTE?

Wat laat jou uitstaan bo ander? Wat is jou unieke sterkpunte en unieke bydrae?

Slegs 17% van alle werknemers rapporteer dat hulle volgens hulle sterkpunte in hulle werkplekke aangewend word. Dit het tot gevolg dat die meeste mense hulle werk as sleur beleef en het 'n negatiewe invloed op hulle lewenskwaliteit.

Elkeen van ons het unieke talente van die Here ontvang. Ons kan dit in 'n doek toedraai en in die grond begrawe soos die man in die gelykenis, of ons kan dit ontwikkel en uitbou.

Wat is jou talente? Dit kan iets wees soos:

- Die vermoë om goeie verhoudings met mense te bou
- Die vermoë om projekte aan die gang te kry
- Die vermoë om te organiseer
- Die vermoë om gedissiplineerd te fokus
- Die vermoë om mense te help om hulle potensiaal te bereik
- Die vermoë om met nuwe idees vorendag te kom

Talle ander ...

Kyk na jou werkdag: is dit wat jy doen in lyn met jou talente of sterkpunte of is dit grootliks sleurwerk? As jy nie jou werk geniet nie is die kans goed dat jou pligte en verantwoordelikhede nie klop met jou talente en sterkpunte nie.

Om jou te help om jou talente te ontdek en hoe om dit uit te bou tot sterkpunte word op 21 Junie
2008 herhaal en word in die gemeentesentrum aangebied. Die koste hieraan verbonde is R280 wat 'n boek, Living your Strengths, kursusmateriaal, middagete en verversings insluit. Indien jy belangstel, stuur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za.

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is volhoubare gesondheid dmv 'n natuurlike benadering, lewenstylbeplanning en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark

PARKNAVAL
OPTREDE UP
GROENKLOOF KAMPUS
OUDITORIUM
VRYDAG, 6 JUNIE OM 19:00

Die parknaval skop af met 'n optrede in die UP Groenkloof Kampus, Ouditorium deur ***Gerrie Pretorius*** met sy platinum treffers.

Hierdie aanbieding geskied in samewerking met Celebrity Music Management.

Kaartjies is beskikbaar by Kobus Badenhorst na afloop van die diens by die tee. VERVOER SAL GEREËL WORD.

OMSKAKELING NA NUWE TEGNOLOGIE TOE

1. Ek kan vir u al daardie herinneringe van u pasgebore baba wat nog op VHS tband is oorsit na DVD toe.
2. Daardie ou LP's wat die lekker ou musiek op het kan ek vir u oorsit na CD toe.

Benodig u dalk sulke dienste. Kontak Thalia gerus by die volgende kontak nommers.

Sel: 082 450 1629
Huis: 012 - 653 7547 (Enige tyd na 2uur in die Middae)

BOOMSLOPING EN SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 233 6394

FEESBUNDEL 2008 : PEILING

Ons beplan om eersdaags met die druk van die feesbundel te begin en het u samewerking nodig. Om te verseker dat ons net genoeg feesbundels laat druk en nie later te min het, of met 'n oorskot sit nie, word u vriendelik versoek om die die beskikbare vorm in die banke voltooi indien u belangstel.

Baie dankie aan almal wat reeds gereageer het. Die voltooide vorm kan in die kollektebordjie geplaas word.

VERVOERGELEENTHEID : AANDDIENSTE

Die diakonie sal tydens die aanddienste elke Sondag, vervoer verskaf aan persone wat daarvan gebruik wil maak.

Reël asseblief met Johan de Beer sodat hy kan beplan (082 468 6562).

As daar gemeentelede is wat die diakonie wil bystaan in hierdie diens wat hulle wil lewer, kan u ook vir Johan skakel. Hy sal alle hulp baie waardeer.

OMGEEBEDIENING

Het jy ‘n hart vir mense in nood—vir mense wat in die hospitaal is, herstel ná ‘n operasie of andersins onder moeilike omstandighede verkeer? Dan is jy ideaal geskik vir ‘n nuwe bediening wat onder lei-ding van die Diakonie op die been gebring word.

Die doel van die bediening is om Jesus se hande en voete te wees vir mense wat ‘n bietjie hulp en onder-steuning nodig het.

As jy voel dat die Here jou lei om hierby betrokke te raak, skakel Johan de Beer (082 468 6562) of Freddie Schoeman (084 581 8139).

BAIE DANKIE

Baie dankie aan almal wat ons so wonderlik bygestaan en onder-steun het tydens die afsterwe van Eddie. Ons is so oorweldig met belangstelling en bystand dat die woordjie dankie baie klein is maar elkeen kan verseker wees van ons opregte waardering. Ons word nog daagliks oorval met oproepe selfs van lidmate wat al verhuis het uit Lyttelton-Oos en dit beteken vir ons as familie ontsaglik baie.

Lettie Leach en familie.

’N WOORD VAN WAARDERING ...

Aan al die vriendinne van die Dinsdag Bybelstudiegroep. Julle ”bietjie bederf” sal nog **baie** lank onthou word! Jesus het gesê: ″Julle moet mekaar liefhe soos Ek julle liefhet ...”. Nouja, julle het aan ons sulke liefde bewys! Mag die Here julle almal ryklik seën.
Dankie dat julle aan ons gedink het toe ons al die traumas deurge-maak het.

Joan du Plessis en die Prinsloo’s

COMRADES VIR BYBELS 2008

Met **14** dae wat oorbly voor die Comrades Ultra Marathon wil ons julle, ons ge-meente, vra om ons weer te ondersteun met u borg of donasie van R25.00 per Bybel.

Hierdie jaar gaan ek uitsit maar Jacques Martins en Gawie Pretorius en dalk sy vrou Rina sal ons by Comrades verteenwoordig .

In 2007 het julle ons gehelp om nie net ons doelwit van 267 Bybels te bereik nie maar 271 teen R5425.00 en ons is baie dankbaar daarvoor. Kom ons probeer om tussen 300 en 500 Bybels te borg hierdie jaar. Een persoon het maandeliks R100.00 ge-skenk vir 12 maande en gaan dit weer doen vir 2008 – Wonderlik!

Dankie ook vir die 80 Bybels (R2000.00) wat ons bereik het vir die Argus fietswedren oor die Paasnaweek. Een persoon het R1000.00 geborg, Dankie.

Kom ons hou die mense wat hardloop en ons doel om ander te help met Bybels, in ons gebede en vra ons Vader om hulle gesond, sterk en veilig te hou.

Baie, baie dankie vir al die ondersteuning wat julle aan my oor die afgelope jare gegee het,

Lyn de Bruin.

OPWINDENDE UITREIKGELEENTHEID SAAM MET AKSIE ARBEIDERS VIR DIE OES

20-30 JUNIE 2008

Gee jouself en maak ‘n verskil

‘n Korttermyn uitreik na Thabang Village in die Limpopo Provinsie

Graag wil ons jou uitnooi om deel te neem aan die Matlala uitreiking in die Limpopo provinsie, wat hierdie jaar van die Paastyd af verskuif is na die Junie vakansie 20 tot 30 Junie 2008, op een of meer van die volgende wyses:

1) Ernstig voorbidding te doen
2) ‘n Finansiële bydrae te maak
3) Fisies op die uitreiking te gaan

Kontakinligting: Posbus 1649, Pretoria 0001.
Tel 012-341-3869 of 082 925 3557
E-pos: alharvest@alharvest.co.za

Kampfooie: R750 (Borgvorms beskikbaar! Moenie dat finansies jou terughou nie!)
Registrasie: voor 13 Junie 2008 (R300 deposito—uitstaande bedrag betaalbaar met vertrek)

Verblyf: Kampeer in Thabeng Village